**WERKKAART 8**
**MODULE 7**

1. Lees die volgende sin: "Nelson Mandela is 'n goeie *leier* wat Suid-Afrika kan *lei*." Maak nou sinne met die woorde *lyer* en *ly* sodat die betekenis van die woorde duidelik is.
2. Maak sinne met die volgende woorde om die verskil in betekenis tussen die woorde, wat dieselfde uitgespreek word, maar verskillend gespel word, uit te wys.
   a) hard
   b) hart
   c) bry
   d) brei
3. Kies die korrekte woord (homofoon) uit die skuinsgedrukte woorde.
   a) Die hond *wyer/weier* om saam met my te stap wanneer ek sy leiband om sy nek sit.
   b) Ons *rei/ry* verby al die mooi huise in ons buurt.
   c) Die skape *wei/wy* rustig in die veld.
   d) My boetie vertel baie keer 'n *leun/leuen* vir my ma as hy stout was.
4. Pas die homofoon in kolom B by die betekenis in kolom A.

| **Kolom A**<br>**Betekenis** | **Kolom B**<br>**Homofoon** |
|---|---|
| a) Waar iets ophou. | • fyt |
| b) Saggies en versigtig neerlê. | • feit |
| c) Seer in die voorste deel van jou vinger. | • ent |
| d) Gebruik 'n besem om dit te doen. | • end |
| e) 'n Afstand. | • vlei |
| f) Ek | • vly |
| g) Iets het werklik gebeur. | • vee |
| h) 'n Meisie met vlerkies. | • fee |
| | • my |
| | • Mei |

Gebruik die woordeboekuittreksel na vraag 6 om die volgende twee vrae te beantwoord.

5. Die volgende woorde (homonieme) word dieselfde gespel en uitgespreek, maar het verskillende betekenisse. Gebruik die ander betekenis van die vetgedrukte woorde in betekenisvolle sinne.
   a) Die seuns speel pouse met 'n **bal** op die rugbyveld.

b) Ons stap langs die **kus** as ons see toe gaan.
c) Dit gaan net gebeur **as** ons op vakansie gaan.

6. Gebruik die volgende woorde elk in twee verskillende sinne om twee betekenisse na vore te bring.
   a) voor
   b) prys
   c) sak

***Piekfyn-woordeboek***

**as¹,** (s). Oorskot by verbranding.
**as²,** (s), **-se. 1.** Spil waarom ’n wiel draai. **2.** Denkbeeldige lyn waarom iets beweeg.
**as⁴,** (s). ’n Romeinse gewig (327,45 gram); ’n Romeinse bronsmuntstuk.
**as⁵,** (s). ’n Veronderstelling wat met ‘as’ begin.
**as⁶,** (vgw.). Ingeval, indien; wanneer; soos; net of, asof; in die hoedanigheid van; behalwe, buiten.
**bal¹,** (s), **-le. 1.** Ronde voorwerp om mee te speel. **2.** Ronde voorwerp.
**bal²,** (s), **le, -s.** Groot of deftige dansparty.
**kus¹,** (s), **-te. 1.** Strand, strook land langs die see. **2.** Deel van land waar dit eindig en aan die see raak.
**kus²,** (s), **-se.** Aanraking of drukking met die lippe, veral op ’n ander se lippe, as teken van toegeneentheid, as groet of gelukwens, soen.
**prys¹,** (s), **-e. 1.** Waarde in geld. **2.** Bekroning, onderskeiding. **3.** Beloning.
**prys²,** (s), **-e.** Wat buitgemaak is, buit.
**prys³,** (w), **ge-.** ’n Prys gee (maak, opsit).
**prys⁴,** (w), **ge-. 1.** Roem. **2.** Verheerlik, lof toebring.
**sak¹,** (s), **-ke. 1.** Houer van katoen, leer, papier, goiing, plastiek, strooi, ens. om iets in te dra of te bêre. **2.** ’n Inhoudsmaat van graan, suiker.
**sak²,** (w), **ge-. 1.** Daal, neerdaal, afgaan.
**sy¹,** (s), **-e.** Kant, grenslyn, grensvlak van ’n liggaam.
**sy²,** (s). **1.** Weefsel vervaardig uit die spindrade van die sywurm. **2.** Spindraad van die sywurm.
**sy⁵,** (pers. vnw). Vroulik van **hy;** *sy is ’n goeie meisie.*
**sy⁶,** (bes. vnw). Van hom, wat aan hom behoort; *sy boek.*
**voor¹,** (s), **vore. 1.** Lang, gemaakte of gespoelde holte in die grond, sloot waarlangs water afloop of gelei word.
**voor²,** (s). Dit wat voor, ten gunste van iets is.
**voor³.** Voors. wat o.m. posisie uitdruk:
**voor⁴,** (voors.). Voordat.
**voor⁵,** (voors.). Aan die voorkant, voorpunt; verby ’n bepaalde posisie of tydsmoment.
**voor⁶.** Ten gunste van.


7. Wanneer daar in 'n taal 'n behoefte aan 'n woord bestaan, leen ons dikwels by 'n ander taal. Kyk of jy die blokkiesraaisel met leenwoorde kan voltooi.

**Dwars**

6 Portugese dis as jy 'n vleis en groente in 'n sous gaar maak.
7 As jy seerkry, gee jy hierdie uitroep.
8 'n Franse leenwoord wat dieselfde beteken as parmantig.
9 Die naam van die voorsitter in 'n parlement wat aan Engels ontleen is.
11 'n Maleise woord vir iemand wat ander boelie.
12 Die item waarin nuus elke dag verskyn, is uit Frans ontleen.

**Af**

1 As jy sukkel om te loop, gebruik jy 'n . . .
2 Maleis-Portugese kombinasie vir iets wat baie groot is.
3 Die Portugese "koskas"
4 In Spaans is dit 'n plaza.
5 Die Afrikaanse woord vir die Latynse *hors d'oeuvre*
8 'n Latynse woord wat "wees gegroet!" beteken.
10 Die Maleise woord vir die voorwerp waarop jy 'n koppie neersit.



EclipseCrossword.com